Saam-praat-papier 4 November 2012

Saam praat

# God van Dankoffers

*Psalm 56*

**56** Vir die koorleier: op die wysie van
"Die duif in die hoë bome".
Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding
daarvan dat die Filistyne hom in Gat
gevange geneem het.

2 Wees my genadig, o God,
want daar is mense wat my jaag,
vyande wat my vervolg
van die môre tot die aand.
3 Vroeg en laat jaag my teëstanders my,
en ek het baie vyande,
o Allerhoogste.
4 Die dag as ek bang word,
vertrou ek net op U.
5 In God, wie se woord ek prys,
in God stel ek my vertroue,
ek is nie bang nie.
Wat kan 'n blote mens aan my doen?

6 Hulle vergal my lewe gedurig
met beskuldigings teen my,
al hulle bose planne is teen my gerig.
7 Hulle lê op die loer en hou my dop,
hulle bly op my hakke,
so gretig wag hulle op my dood.

8 Moenie dat hulle ongestraf bly
vir hierdie vyandigheid nie!
Laat u toorn hulle vernietig, o God!

9 My ellende het nie ongemerk
by U verbygegaan nie,
U het op my trane gelet.
In u boek staan hulle opgeteken.
10 Die dag wanneer ek na U roep
om hulp,
val my vyande terug.
Dít weet ek: God is aan my kant.
11 In God, wie se woord ek prys,
in die Here, wie se woord ek prys,
12 in God stel ek my vertroue,
ek is nie bang nie.
Wat kan 'n mens aan my doen?

13 Ek moet my geloftes aan U nakom,
o God,
ek wil U met dankoffers betaal,
14 want U het my van die dood gered,
my voet nie laat struikel nie,
en met God by my kon ek
my pad aanhou loop
en die lewenslig bly sien.

*Die fokus op hoe en wie God is, laat ons dankbaar gee:*

*1 God wat genadig is*
*2 God wat vertroubaar is*
*3 God wat medelye het*
*4 God wat vir ons is*
*5 God wat ons laat aanhou*

**Saam-praat**

*1 Om watter redes dink jy gee ons dankoffers ?*

*2 Wat in hierdie Psalm maak dankbaarheid in jou hart wakker ?*

*3 Wat het God vir jou die afgelope jaar beteken of gedoen waarvoor jy spesiaal dankbaar is ?*

*Leef dankbaar! Leef singend! Leef getuigend! Leef deur God ook met jou dankoffer te eer!*